**Hoërskool Oos-Moot**
HAARHOFFSTRAAT 1120, VILLIERIA, 0186
Telefoon: (012) 332-0601
E-pos: oosmoot@oos-moot.co.za
www.oos-moot.co.za

Oktober 2024

Geagte Ouer/Voogde

**TOERISME-KURRIKULUM 2025 - TOERISME STUDIEGIDSE GRAAD 10-12**

Die skool se bestuur het 'n besluit geneem om in 2025 weer vir die graad 10 tot 12 Toerisme leerders 'n volkleur, gepubliseerde studiegids te gebruik. Hierdie werkboeke is in 2022 en 2024 met groot sukses gebruik en kan ons hiermee verseker dat u kind die beste moontlike studiemateriaal in 2025 sal hê.

Dit is 'n volkleur studiegids waarin alle klasnotas, toetse, werkopdragte, huiswerkopdragte, opsommings en nuwe leertegnieke vervat word. Die gids word die eiendom van die leerder waarin hul op 'n daaglikse basis sal werk. Dit sal hul definitief help om beter in die vak te vaar.

**Koste**
Die Toerisme Studiegids moet vooraf bestel word vir al die leerders wat die vak in 2025 gaan neem.

- Die prys per studiegids is **R350** vir alle grade. **Totale bedrag OF deposito van R200** betaalbaar voor einde November 2024. Res (R140) betaalbaar in Januarie 2025.

- Daar is 'n **kombinasie opsie vir gr 12** leerders van 2025: Werkboek + Gr 12 Toerisme Eksamengids **R360**. Hierdie kombinasiebestelling sal slegs eenmalig (voor einde November 2024) beskikbaar wees.

- Betaling en of deposito's moet asseblief afgehandel wees voor 20 November 2024 aangesien die korrekte hoeveelheid werkboeke bestel en gedruk moet word.

- **Verwysing** met betaling is soos volg:
  **TO, graad in 2025, Leerder se naam en van.**
  **Bv.** ***To Gr10 M v Zyl***

Voltooi asseblief die onderstaande skeurstrokie en stuur dit terug na die vakonderwyser voor
11 November 2024.

Oos-Moot groete

S THERON
TOESIGHOUDENDE HOOF

W SMIT
GEESTESWETENSKAPPE

-------------------- **SKEURSTROKIE: BESTELVORM TOERISME STUDIEGIDS 2025** --------------------

Ek ________________________________ ouer / voog van 'n leerder wat Toerisme as vak neem, wil graag hierdie Toerisme Studiegids vir my kind reserveer. Ek bevestig dat ek die volle bedrag van die studiegids sal vereffen voor my kind die studiegids in Januarie 2025 ontvang.

Leerder naam en van: ______________________________ Graad _______ in 2025.

____________________
OUER

____________________
DATUM